



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**



## JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015 GRAAD 2 AFRIKAANS HUISTAAL TOETS

**PUNTE: 30**

PUNTE	
-------	--

**TYD: 1 uur**

**PROVINSIE** \_\_\_\_\_

**DISTRIK** \_\_\_\_\_

**KRING** \_\_\_\_\_

**NAAM VAN SKOOL** \_\_\_\_\_

**EMIS-NOMMER (9 syfers)**

--	--	--	--	--	--	--	--	--

**KLAS (bv. 2A)** \_\_\_\_\_

**VAN** \_\_\_\_\_

**NAAM** \_\_\_\_\_

**GESLAG (✓)**

SEUN		DOGTER	
------	--	--------	--

**GEBOORTEDATUM**

E	E	J	J	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---


**Die toets bestaan uit 15 bladsye, die buiteblad uitgesluit.**

## **Instruksies aan die onderwyser:**

1. Lees elke vraag/instruksie stadig en duidelik voor aan die leerders.
2. Lees elke vraag/instruksie twee keer terwyl die leerders in hulle vraestelle volg.
3. Moenie die vrae/instruksies aan die leerders verduidelik nie.
4. Gee hulle genoeg tyd om die antwoorde onafhanklik in die gegewe spasies te skryf. Moenie die leerders na die antwoord lei nie.
5. Sodra die leerders die vraag voltooi het, kan u aangaan om die volgende vraag/instruksie te lees.
6. Volg dieselfde prosedure vir elke vraag tot aan die einde van die vraestel.
7. Doen die oefenvoorbeeld saam met die leerders.

## Oefenvoorbeeld

1. Maak 'n kruisie (x) op die letter bokant die korrekte antwoord.



Dit is 'n ...

A	B	C	X
hond.	koei.	hen.	kat.

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy 'n kruisie (x) deur 'D' getrek het.

2. Nommer die sinne in die blokkies 1-4 om die regte volgorde om tande te borsel, te wys.

Maak jou tandeborsel nat.	
Spoel jou mond uit.	
Borsel jou tande.	
Druk tandepasta op jou tandeborsel.	

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy die sinne in die korrekte volgorde: 1, 4, 3, 2, genommer het.

3. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.  
Wat is die meervoud van 'hond'?

- A hondj ies
- B hondj ie
- C honde
- D hond

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy 'C' omkring het.

In jou toets sal jy soortgelyke vrae kry om te antwoord.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

1.1 Kyk na die prent.

Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Wat sien jy in die prent?



Ek sien 'n prentjie van 'n ...

A skaaf.

B skaap.


C skoen.

D skip.

1.2 Kyk na die woorde in die raampies.

Skryf die korrekte woord wat by die prent pas op die lyn.

blou	blom	blokkies	blaar
------	------	----------	-------



.....

1.3 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Waar ry die motor?

A streep

B streek

C straat

D stroop

1.4 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Die koue water vl... in die stroom.

ooi	eeu	aai	oei
-----	-----	-----	-----

1.5 Maak 'n kruisie (x) op die letter bokant die korrekte antwoord.

Die seuns ...oot die kruïwa na die tuin.

A	B	C	D
st	bl	gr	vl

Lees die storie en beantwoord vrae 2-8.

Mnr. en mev. Songezo het met hulle kinders, Sipho en Lindiwe, op 'n plaas gewoon. Mev. Songezo en Lindiwe het elke dag vars brood gebak en die hokke skoongemaak. Die Smith-, De Bruin- en Sodo-gesinne het graag by die Songezo-gesin gekuier. Die kinders het na die hoenders en eende gekyk. Mnr. Songezo het beeste en skape aangehou.

Eendag het die gesin piekniek gehou wat bestaan het uit kaas, aartappelskyfies en vleis toe 'n vreeslike ongeluk gebeur het. Die trekker se remme het onklaar geraak en stadig teen die koppie begin afloop. Mnr. Songezo het hard geskree om sy gesin te waarsku. Die trekker het oor die kos tot in die dam geloop. Die gesin het die trekker probeer stop, maar het ook in die dam beland.

Mnr. Songezo het die beeste gebruik om die trekker uit die dam te trek. Almal was bly dat niemand seergeskry het nie.

[Bron: Dept. van Basiese Onderwys]

2. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Wat is die beste titel (naam) vir die storie?

Die hoenderplaas	<input type="checkbox"/>
Die trekker wat weggeloop het	<input type="checkbox"/>
Die skaapplaas	<input type="checkbox"/>
Die kinders hou piekniek	<input type="checkbox"/>

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie met die korrekte antwoord.

Wie het twee kinders gehad?

Mnr. en mev. Songezo	<input type="checkbox"/>
Mnr. en mev. Sodo	<input type="checkbox"/>
Mnr. en mev. De Bruin	<input type="checkbox"/>
Mnr. en mev. Smith	<input type="checkbox"/>

4. Voltooi die sin.

Die Songezo-gesin woon op 'n .....

5. Plaas die gebeure van die storie in die korrekte volgorde.

Nommer die sinne van 1-4 in die blokkies.

Die gesin het piekniek gehou.	
Die Songezo-gesin het op 'n plaas gewoon.	
Die beeste het die trekker uit die dam getrek.	
Die kinders het na die hoenders en eende gekyk.	

6. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Die trekker het teen die koppie begin afloop, want die ...

wiele was te klein.	
remme was nuut.	
remme het onklaar geraak.	
wiele was te groot.	

7. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Almal was gelukkig, want ...

die gesin het in die dam beland.	
niemand was beseer nie.	
die trekker het tot in die dam geloop.	
Sipho en Lindiwe het die trekker probeer stop.	

8. Beantwoord die vrae.

8.1 Waarvan in die storie het jy gehou of nie gehou nie?

.....

8.2 Waarom het jy daarvan gehou of nie gehou nie?

.....

9. Omkring die korrekte letter.

Watter woord beteken dieselfde as 'bly'?

A treurig

B kwaad

C gelukkig

D bang






10. Skryf die korrekte antwoord op die reël.

Wat is die teenoorgestelde van 'stadig'?

Die teenoorgestelde van 'stadig' is .....

11. Bestudeer die grafiek en beantwoord vrae 11.1-11.3.

Weersimbole					
					
Sonnig	Gedeeltelik bewolk	Reën	Bewolk	Donderstorm	Winderig

Weerkaart - Februarie						
Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
						
						
						
						

[Bron: Dept. van Basiese Onderwys]

11.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Vir watter maand is die weerkaart?

A Maart

B April

C Februarie

D Junie

11.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Hoeveel sonnige dae was daar?

A	9
B	11
C	13
D	20

11.3 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Hoeveel dae is in Februarie?

- A 28 dae
- B 7 dae
- C 4 dae
- D 30 dae

12. Omkring die letter langs die korrekte antwoord om die sin te voltooи.

Is die kosblik ...?

- A j ou
- B my
- C ons
- D j ounе

13. Skryf die volgende sinne oor.

Begin met die gegewe woord.

13.1 Die kinders kyk na die hoenders.

Gister.....

13.2 Die gesin hou piekniek.

Môre .....

14. Skryf die sinne oor.

14.1 Vul **twee** leestekens by die sin in.

mamma bak brood

.....

14.2 Vul **een** leesteken by die sin in.


Waar is die trekker

.....

15. 'n Selfstandige naamwoord is iets wat jy kan sien, voel of aanraak.

Kyk na die prent en vul die selfstandige naamwoord in.

Die kinders het na die ..... gekyk.



16. Skryf 'n paragraaf van 5-8 sinne oor die prent. Maak seker dat jy die korrekte leestekens, taal en spelling gebruik. Moenie jou sinne nommer of herhaal nie.



.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

**TOTAAL: 30**

